

**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## DRAMATIESE KUNSTE

## NOVEMBER 2013

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 32 bladsye.**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## ALGEMENE NOTAS VIR NASIENERS

1. Skryf, as nasiener, kort opmerkings waarom daar 'n punt af- of opgemerk is indien die memorandum nie 'n duidelike riglyn gee nie en die nasiener sy/haar eie diskresie moet gebruik.

2. Maak duidelike merkies om die leerpunt wat geassesseer word, aan te dui. Nasieners behoort aktief om te gaan met die antwoord.

3. Hoofnasieners moet die matriks (*rubric)* met die nasieners fasiliteer. Die vlakbeskrywers (*level descriptors)* in elke matriks moet die nasienproses lei.

4. Gereelde konsultasierondtes is nodig om te verseker dat die nasienproses gestandaardiseer is.

5. In die geval waar 'n kandidaat meer as die voorgestelde getal woorde skryf – moenie penaliseer nie (opstelvraag).

6. Die memobesprekingsforum kan nie alle response voldoende voorspel nie. Provinsiale nasieners moet dit in aanmerking neem en oop wees vir kandidate se response en seker maak dat verskillende onderrigstyle nie die leerder benadeel nie.

7. Spandeer die eerste dag aan die ontleding van die kwaliteit en kwantiteit van die bewyse in die memorandum en aan standaardisering en om gemeenskaplike definisies en konsepte te vind.

8. Nasieners moet nagaan dat kandidate se antwoorde vir 'n spesifieke vraag in lyn is met die Assesseringstandaarde.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## INSTRUKSIES AAN NASIENERS VAN DRAMATIESE KUNSTE VIR DIE GRAAD 12-VRAESTEL

1. Die vraestel is DRIE uur lank.

2. Die TOTALE punte vir die vraestel is 150.

3. Leestyd van VYFTIEN minute moet voor die aanvang van die vraestel aan kandidate toegestaan word. Dit is noodsaaklik om aan kandidate die geleentheid te bied om die nodige keuses te maak.

4. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings: AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

5. AFDELING A tel 30 punte, AFDELING B tel 60 punte en AFDELING C tel 60 punte.

6. AFDELING A bestaan uit TWEE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3, maar LU2 word ook direk en indirek getoets:

   - VRAAG 1: Epiese Teater
     - *Kaukasiese Krytsirkel* OF
     - *Moeder Courage* of OF
     - *Kanna Hy Kô Hystoe*
   - VRAAG 2: Teater van die Absurde
     - *Afspraak met Godot* OF
     - *Die Kaalkop Prima Donna* OF
     - *Bagasie*

   Kandidate moet EEN van die twee vrae beantwoord.

7. AFDELING B bestaan uit AGT vrae wat hoofsaaklik fokus op LU3 (maar ander LU's word ook direk en indirek getoets) en spesifieke dramas uit die Suid-Afrikaanse teaterbeweging:

   - VRAAG 3: *Boesman en Lena*
   - VRAAG 4: *uNosilimela*
   - VRAAG 5: *Woza Albert!*
   - VRAAG 6: *Sophiatown*
   - VRAAG 7: *Nothing but the Truth*
   - VRAAG 8: *Groundswell*
   - VRAAG 9: *Siener in die Suburbs*
   - VRAAG 10: *Mis*

   Kandidate moet TWEE van die agt vrae beantwoord.

8. AFDELING C bestaan uit DRIE vrae wat hoofsaaklik fokus op LU1 en LU4.
   LU2 word ook direk en indirek getoets.
   Hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

9. Die gewigstoekenning van die LU's vir die vraestel volgens die VAR- ('SAG') dokument is soos volg:
   - LU1 – 20% (30 punte)
   - LU3 – 60% (90 punte)
   - LU4 – 20% (30 punte)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


## AFDELING A: BEGRYP EN ANALISEER

**Kandidate beantwoord EEN van die twee vrae:**
**VRAAG 1: EPIESE TEATER OF VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE.**

*Die opstelle moet gemerk word deur die rooster te gebruik. Neem die kandidate se benadering tot die onderwerp in ag. Gemotiveerde, oorspronklike antwoorde wat insig toon, moet gekrediteer/erken word.*

## VRAAG 1: EPIESE TEATER

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE DIE VOLGENDE BESTUDEER HET:
*KAUKASIESE KRYTSIRKEL* OF *MOEDER COURAGE* OF *KANNA HY KÔ HYSTOE*
DIE KANDIDAAT HOEF NIE NOODWENDIG IN OPSTEL FORMAAT TE ANTWOORD NIE.

| KATEGORIE | PUNT | VLAKBESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| **Uitstaande prestasie** | **26–30** | Kandidaat is in staat om 'n argument saam te stel. Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitstekende hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig, is vloeiend; waarneming en kennis word treffend uiteengesit.<br><br>Kandidaat bespreek die Epiese tegnieke duidelik en dek die temas van die toneelstuk wat ten doel het om die gehoor te kry om krities oor die toneelstuk te dink. Hy/Sy is in staat om te bespreek hoe die onkonvensionele tegnieke van Epiese Teater die stelling ondersteun deur spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk wat bestudeer is, te gee. Die kandidaat bespreek die temas van die toneelstuk om die stelling te ondersteun, en sy/haar antwoord word deurgaans gestaaf met relevante voorbeelde uit die toneelstuk. Die kandidaat toon uitsonderlike begrip van Epiese Teater, Brecht se filosofie en die toneelstuk wat bestudeer is. |
| **Verdienstelike prestasie** | **22–25** | Goed georganiseerd, gedetailleerd en omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk. Gebruik 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig; waarneming en kennis word goed uitgedruk.<br><br>Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting by die opstel se onderwerp te vind, die onderwerp te bespreek en taal effektief te gebruik. Dikwels skryf hierdie kandidaat te veel deur korrekte maar irrelevante inligting neer te skryf. |
| **Bevredigende prestasie** | **18–21** | Georganiseerd, bevat detail, daar is 'n mate van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstelstruktuur. Interessante aanbieding, duidelike en logiese stellings, oortuigend, eenvoudige en direkte taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon goeie begrip van die onderwerp.<br><br>ÓF: Kandidaat poog om die Epiese tegnieke en filosofie te bespreek. Hy/Sy verwys na sommige tegnieke van Epiese Teater, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon goeie begrip van Epiese Teater en Brecht se filosofie.<br>ÓF: Uitstekende ontleding van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk, maar in die opstel is aansluiting by die onderwerp per toeval, eerder as wat die opstelonderwerp bespreek word. Dikwels 'n kort en algemene bespreking van Epiese tegnieke en temas. |

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | | |
|---|---|---|
| **Voldoende prestasie** | **14–17** | Struktuur is nie noodwendig logies nie. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Antwoord voldoende, maar voel gememoriseerd. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie.<br><br>Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar kan dit nie van toepassing maak op die opstelonderwerp nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van notas is wat in die klas uitgedeel is en mag dus gefragmenteerd wees. Tog het die kandidaat 'n soliede kennis van die inhoud. |
| **Middelmatige prestasie** | **10–13** | Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Beperkte seleksie van inligting, swak taalvaardighede kan 'n bydraende faktor wees. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde nie.<br><br>Kandidaat het kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy van Epiese Teater ken, neer te skryf sonder om aan te sluit by die opstelonderwerp. Inligting is oor die algemeen korrek, maar kan op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÓF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÓF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Kandidaat ken die inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is, maar gee nie altyd relevante voorbeelde nie. |
| **Elementêre prestasie** | **6–9** | Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, geringe poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde te ondersteun nie. Dikwels 'n vertelling van die intrige.<br><br>Kandidaat toon aanduidings van kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die karakters en inhoud van die toneelstuk of teorie wat aangeleer is, neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk/karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om na te sien omdat dit met die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord foutief is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel. Daar is dikwels geen verband met die onderwerp in die antwoord nie. |
| **Onvoldoende** | **0–5** | Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, irrelevante inligting. Eenvoudige frases of woorde wat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie. Baie deurmekaar en moeilik om te lees.<br><br>Die kandidaat se kennis van Epiese Teater, Brecht en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word foutiewe inligting gegee. Is geneig om 'n lys woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat inhoud onthou. |

**OF**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## VRAAG 2: TEATER VAN DIE ABSURDE

KANDIDATE HET HIERDIE VRAAG BEANTWOORD INDIEN HULLE DIE VOLGENDE BESTUDEER HET:
*AFSPRAAK MET GODOT* OF *DIE KAALKOP PRIMA DONNA* OF *BAGASIE*

'n Kandidaat hoef nie noodwendig in die format van n 'Opstel' te antwoord nie.

| KATEGORIE | PUNT | VLAKBESKRYWERS (BEWYSE) |
|---|---|---|
| **Uitstaande prestasie** | **26–30** | Kandidaat is in staat om 'n argument saam te stel. Goed georganiseerd, volledig en logies, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n uitsonderlik hoë vlak van bevoegdheid om inligting te verwerk tot 'n oorspronklike interpretasie en deurdagte keuse van feite. Gebruik 'n verskeidenheid van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig, is vloeiend; observasie en kennis word treffend uiteengesit.<br><br>Kandidaat bespreek die siening van Absurdisme dat jou bestaan sinloos is en dat mense probeer om die wêreld om hulle te verstaan deur 'n mate van orde en struktuur te skep. Eksistensiële karakters en hulle handelinge in die toneelstuk wat hy/sy bestudeer het, word volledig bespreek. Hy/Sy verwys na tegnieke van Teater van die Absurde en gee spesifieke voorbeelde uit die toneelstuk. Die kandidaat toon 'n uitsonderlike begrip van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is. |
| **Verdienstelike prestasie** | **22–25** | Goed georganiseerd, omvattend, afgeronde struktuur. Ondersteun deur 'n hoë vlak van bevoegdheid en deurdagte keuse van feite om inligting te verwerk. Gebruik 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon insig; waarneming en kennis word goed uitgedruk.<br><br>Hierdie kandidaat het 'n soortgelyke vlak van kennis van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is as die Uitstaande kandidaat. Die hoofverskil is die vermoë om aansluiting by die opstel se onderwerp te vind, die onderwerp te bespreek en taal effektief te gebruik. Dikwels skryf hierdie kandidaat te veel deur korrekte maar irrelevante inligting neer te skryf. |
| **Bevredigende prestasie** | **18–21** | Georganiseerd, bevat detail, daar is 'n mate van bevoegdheid, sommige foute is waarneembaar in die opstelstruktuur. Interessante aanbieding, duidelike en logiese stellings, oortuigend, eenvoudige en direkte taalgebruik. Ondersteun deur 'n keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Toon goeie begrip van die tema, 'n paar logiese stellings.<br><br>ÒF: Kandidaat poog om die karakters en hulle handelinge en die Absurde filosofie te bespreek. Hy/Sy verwys na sommige tegnieke van Teater van die Absurde, maar is vaag oor hoe hierdie tegnieke in die toneelstuk aangebied word. Die kandidaat toon goeie begrip van die karakters, Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is.<br>ÒF: Uitstekende ontleding van Teater van die Absurde en die toneelstuk wat bestudeer is, maar aansluiting by die onderwerp is per toeval, eerder as wat die opstelonderwerp bespreek word. |
| **Voldoende prestasie** | **14–17** | Struktuur is nie noodwendig logies nie. Demonstreer basiese begrip, maar is geneig om meganiese en stereotipiese antwoorde te verskaf. Genoegsame keuse van relevante dramatiese verwysings en voorbeelde. Antwoord voldoende, maar voel gememoriseerd. Nie altyd 'n hoë vlak van insig nie.<br><br>Kandidaat is goed voorbereid en kan detail gee oor Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar kan dit nie van toepassing maak op die opstelonderwerp nie. Dikwels lyk die werk asof dit 'n herhaling van notas/karaktersketse is wat in die klas uitgedeel is en mag dus gefragmenteerd wees. Tog het die kandidaat 'n soliede kennis van die inhoud. Dikwels word die karakters slegs genoem en 'n kort karakterskets van elk word gegee. |

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | | |
|---|---|---|
| **Middelmatige prestasie** | **10–13** | Nie altyd georganiseerd nie, struktuur nie altyd logies nie. Beperkte keuse van inligting: swak taalvaardighede kan 'n bydraende faktor wees. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord te ondersteun met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde nie.<br><br>Kandidaat het kennis van Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk bestudeer is, maar is geneig om alles wat hy/sy van die karakters weet, neer te skryf sonder om aan te sluit by die opstelonderwerp. Inligting is oor die algemeen korrek, maar mag op 'n verwarde manier aangebied word. Dit is geneig om ÒF 'n aaneenlopende geskryf (geen paragrawe) te wees ÒF kort sinne wat sekere aspekte van die inhoud verduidelik. Kandidaat ken die inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is. |
| **Elementêre prestasie** | **6–9** | Onsamehangend – geen struktuur, beperkte woordeskat, min poging aangewend om die inligting op 'n aanvaarbare manier aan te bied. Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike dramatiese verwysings en voorbeelde te ondersteun nie. Daar is geen verband met die onderwerp in die antwoord nie.<br><br>Kandidaat toon 'n mate van kennis van Teater van die Absurde, karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, maar is geneig om kort frases oor die karakters, inhoud van die toneelstuk wat bestudeer is of teorie wat aangeleer is, neer te skryf. Dikwels word foutiewe inligting ook gegee (oor 'n ander toneelstuk/karakters of 'n ander deel van teatergeskiedenis). Die nasiener sal in die antwoord moet soek vir korrekte inligting. Moeilik om te merk omdat dit met die eerste oogopslag lyk asof die hele antwoord foutief is. Die kandidaat is geneig om die storie van die toneelstuk te vertel of om kort karaktersketse weer te gee. |
| **Onvoldoende** | **0–5** | Onsamehangend, baie min werk gelewer, beperkte vaardighede, benodig ondersteuning. Irrelevant. Eenvoudige frases of woorde neergeskryf wat die kandidaat geleer het, maar nie verstaan nie. 'n Poging is aangewend om die storie te vertel. Baie vaag en deurmekaar.<br><br>Kandidaat se kennis van Teater van die Absurde, die karakters en die toneelstuk wat bestudeer is, is swak. Dikwels word foutiewe inligting gegee. Is geneig om 'n lys van woorde, frases en sinne neer te skryf in die volgorde waarin die kandidaat dit onthou. Kandidaat skryf dikwels onsamehangend en verwar terminologie en teater praktisyns. |

**TOTAAL AFDELING A: 30**

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## AFDELING B: BEGRYP EN ANALISEER

### VRAAG 3: *BOESMAN EN LENA* DEUR ATHOL FUGARD

3.1 Kandidaat mag JA of NEE antwoord met motivering. Ken volpunte aan antwoorde toe wat goed gemotiveer is. 'n Subjektiewe antwoord word vereis. Die karakters word getoon in verskillende oomblikke in die toneelstuk en die collage laat die voornemende gehoor toe om meer te verstaan oor waaroor die toneelstuk handel.
Sommige kandidate kan aandui dat die karakters, kostuums en rekwisiete word uitgebeeld en hul antwoorde ondersteun deur na spesifieke voorbeelde in die collage te verwys. Ander kan dalk fokus op die tema van misbruik en die toepaslikheid daarvan in vandag se samelewing.
Kandidaat mag tegniese benader. (4)

3.2 (Kandidate moet **en**/**of** slegs kostuums rekwisiete bespreek **of albei** om volpunte te verdien)
Die kostuums en rekwisiete wat gebruik is, is geskik vir 'n produksie van *Boesman en Lena*. Boesman is geklee in 'n ou, verbleikte wit T-hemp met 'n ou hemp bo-oor, 'n grys of swart vormlose broek en 'n mus. Lena is geklee in 'n ou, verbleikte, lospassende rok met 'n doek op haar kop. Hulle is altyd aan die beweeg, en daar is geen tyd om te bad nie, daarom is die kostuums vuil en dit stel ook hulle armoede voor.
Die rekwisiete weerspieël hul karige besittings wat hulle met hulle saamdra waar hulle ook al gaan, want hulle is altyd aan die beweeg. Die meeste van die items wat hulle egter saamdra, blyk klere en komberse te wees, terwyl Boesman in die drama sinkplate en 'n matras dra. Tog dra die rekwisiete by tot die feit dat hulle hawelose en ontwortelde mense is. (2 x 2) (4)

3.3 Nasieners moet TWEE punte wat goed gemotiveerd is, of VIER punte wat kortliks verduidelik is, aanvaar.
Aanvaar beide sienings indien antwoorde goed gemotiveerd is. 'n Subjektiewe antwoord word vereis.
Sommige kandidate mag sê dat die ras van die karakters irrelevant is en dat die toneelspelvaardighede en hoe die karakter op die verhoog lewend gemaak word, belangriker is.
Ander kan sê dat ras 'n belangrike kwessie is, want dit is 'n realistiese drama en daarom moet Lena bruin wees.
Die kwessie is aktueel en het betrekking op hulle ondervinding, daarom moet erkenning gegee word indien die kandidaat na sy/haar eie ervarings verwys. (4)

3.4 Nasieners moet holisties merk. Òf DRIE punte in detail bespreek óf SES punte kortliks verduidelik.
Fisieke – Lena sal opstaan, na Outa hardloop, hom gryp en hom dwing om weer op die boks te sit. Sy sal sy rug klop om hom te kalmeer. Sy sal stadig na die rand van die verhoog loop en in die verte staar. Sy stap terug na die vuur en dan stap sy na die ou man om hom te vertel wat hy moet sê. Sy skud hom heftig om seker te maak dat hy haar duidelik verstaan.
Gebare – Steek haar vingers na Outa uit, skud haar kop, een hand kan op haar heup wees as sy met hom praat soos met 'n stout kind. Kan haar arm om hom plaas.
Gesigsuitdrukking – Oë gerek, wenkbroue gelig, neusgate oopgesper, sy kan 'n kwaai kyk op haar gesig hê.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Vokaal – Lena begin hardop praat, want Outa probeer om weg te loop. Haar toon is een van frustrasie en woede.
Sy sal sagter praat soos sy probeer om hom te kalmeer. Sy fluister ook, bang dat Boesman haar kan hoor as sy te hard met Outa praat –'n verhoogfluistering. Sy wil nie hê dat Boesman moet weet dat sy vriendelik is met Outa nie. (6)

3.5 Nasieners moet TWEE punte wat goed gemotiveerd is, of VIER punte wat kortliks verduidelik is, aanvaar.
Outa is noodsaaklik vir die ontwikkeling in die intrige, want sy aankoms merk die verandering in die verhouding tussen Boesman en Lena. Vir Lena is hy nog 'n mens met wie sy haar kos, gedagtes en probleme kan deel. Hy is nie veroordelend nie, en luister na haar. Dat hy haar naam noem, is betekenisvol vir Lena. Hy is daar om die gehoor te wys hoe honger Lena werklik is vir menslike kontak, want selfs al deel hulle nie dieselfde taal nie, deel hulle 'n gemeenskaplike band; hulle menslikheid.
Outa is 'n bedreiging vir die Boesman – hy is wantrouig teenoor Outa en verrassend jaloers dat Lena verkies om buite by hom te sit. Outa se dood aan natuurlike oorsake lei tot die verandering in Boesman se houding teenoor Lena. Hy dink dat hy op een of ander manier verantwoordelik was vir Outa se dood; hy raak bang om tronk toe gestuur te word en behandel Lena 'n bietjie vriendeliker, en verduidelik aan haar waar hulle is en waar hulle vandaan kom – iets wat hy nie in die verlede gedoen het nie.
Dit dui op 'n verandering in die verhouding met Lena wat uiteindelik besef dat sy Lena is en dat sy lewe. (4)

3.6 Aanvaar kandidate se sienings, indien gemotiveer – 8 kort, relevante stellings, of 4 meer gedetailleerde, goed bespreekte punte. 'n Subjektiewe antwoord word vereis. Aanvaar goed gemotiveerde antwoorde. Die volgende is slegs 'n voorstel en dit is onwaarskynlik dat kandidate so 'n lang antwoord sal gee.
Die bostaande stelling is 'n akkurate beskrywing van die drama *Boesman and Lena*, want dit beklemtoon die lot van die mens, vasgevang in 'n siklus van armoede, vooroordeel, geweld en ontmensliking. Die toneelstuk ondersoek die verhouding tussen Boesman en Lena, 'n bruin paartjie wat die hawelose en ontwortelde mense van Suid-Afrika verteenwoordig, die behoefte aan menslike kameraadskap, deernis en hoop. Boesman en Lena is voortdurend aan die beweeg, want hulle haastig opgerigte huise word plat gestoot en hulle word dan gedwing om na 'n ander plek te skuif waar dieselfde ding weer gebeur. Daar is geen sin vir sekuriteit of stabiliteit nie en dit word in die egpaar se wisselvallige verhouding weerspieël. Ons as die gehoor of lesers het empatie/simpatie met 'n karakter soos Lena wat ongelukkig duisende mishandelde vroue, vasgevang in die siklus van armoede en verwaarlosing, verteenwoordig. Lena was vir baie jare by Boesman en het die las van sy toorn baie keer gedra. Boesman is 'n man, maar hy is ontman deur die samelewing en daarom het hy sy frustrasie op Lena, Outa en die hond uitgehaal. Hy het Lena op baie maniere mishandel: hy slaan haar gereeld met sy vuiste en mishandel haar mondelings deur haar te tart en haar in haarself te laat twyfel. Byvoorbeeld, hy laat haar glo dat sy drie bottels gebreek het wat hulle van plan was om by 'n bottelomruiler te verkoop, terwyl hy dit in werklikheid gebreek het. Lena is potblou van al die slae wat sy van Boesman gekry het, maar sy bly nog by hom. Watter ander


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

alternatief het sy? Hierdie is die enigste lewe wat sy ken – sy weet nie beter nie. Sy praat 'n paar keer daaroor dat sy hom wil verlaat, maar doen dit nie, want vir haar is die onbekende meer vreesaanjaend as die bekende. Belangriker, Boesman is die enigste skakel met haar verlede. Boesman kan nie sy woede op die blankes, wat sy pondokke vernietig het, uithaal nie, so hy haal dit uit op Lena, iemand wat hy kan beheer en oor wie hy mag het.

Hy verwaarloos haar en weier om met haar te praat en vertel haar 'n paar keer dat hy wil hê dat sy hom moet verlaat. Maar hy het haar nog nodig op 'n verdraaide manier. Sy is altyd daar saam met hom en hy verwag van haar om daar te wees. Hy kan sy frustrasies op haar uithaal – sy is sy 'slaansak'. Op 'n disfunksionele manier maak hulle albei op mekaar staat vir kameraadskap, sekuriteit en 'n bevestiging dat hulle menslik en lewendig is. Hulle kies hierdie disfunksionele verhouding eerder as om alleen te wees.
Lena het geen uitlaatklep vir haar woede, vreugde, pyn, hartseer, ens. nie omdat Boesman nie na haar snert of gebabbel, soos hy dit noem, wil luister nie. Selfs die polisie lag vir haar en terg haar as sy 'n klag teen Boesman wil lê omdat hy haar geslaan het. Sy word bespot en mishandel, nie net deur Boesman nie, maar ook deur mense in die samelewing, want sy is 'n buitestander wat op die rand leef. Beide Lena en Boesman is die slagoffers van 'n wrede, nalatige samelewing wat hulle vermy en hulle soos uitgeworpenes in hul eie land behandel.

| **PUNTE 3.6** | | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| **Baie goed** | **7–8** | Verbind en integreer beide die aanhaling en kennis van die drama. Is in staat om antwoord te ondersteun met toepaslike voorbeelde van die karakter se geskiedenis, persoonlikheid en handelinge en is in staat om temas wat dakloosheid en verplasing beklemtoon, duidelik te bespreek en te toon hoe die karakters tot uitgeworpenes gereduseer word. |
| **Goed** | **5–6** | Kandidaat is in staat om die karakters, intrige en temas te beskryf en dit met die aanhaling in verband te bring. Dikwels is die beskrywing van die karakters, intrige en temas meer gedetailleerd as die verband met die aanhaling. |
| **Gemiddeld** | **3–4** | Kandidaat het ÓF 'n begrip van die vraag en is in staat om dit in detail te beskryf, maar het nie die vermoë om die karakter, intrige, temas met die aanhaling in verband te bring nie, ÓF beskryf karakter, intrige en temas op 'n oppervlakkige wyse en versuim om dit met die aanhaling en vraag in verband te bring. |
| **Swak** | **0–2** | Kandidaat gee 'n basiese beskrywing van 'n karakter en intrige, maar versuim om by die proses aan te sluit, behalwe om die storie te vertel. |

(8)
**[30]**

 Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 4: *uNOSILIMELA* DEUR CREDO MUTWA

4.1 Herhaling is 'n tipiese Afrika storievertellings tegniek. Hierdie storie is folklore, diegene wat na die storieverteller luister, is kinders. Die doel van die storie is om die kinders iets te leer. (2)

4.2 Terwyl die storieverteller die kinders aanspreek, leer hy hulle ook van aanspreekvorme. In wese besing hy/sy die voortreflikhede van God. Hy/Sy laat die kinders die seën ontvang. Die verteller doen 'n beroep op die voorvaders om teenwoordig te wees in hierdie oomblik van vertelkuns, die kinders te seën en dit open ook die storievertelling. (3)

4.3 Die openingstoneel:
Stel die drama as 'n fabel/folklore bekend
Die element van seën word uitgespeel, die gehoor is deel van die seën (d.w.s. toneelspel)
Stel die drama bekend as energiek, (die sang skep dit)
Stel 'n figuur wat gesentraliseerde gesag uitoefen, wat orde handhaaf, bekend. Dit bied die storievertelling uit. (4)

4.4 Die antwoord op hierdie vraag sal wissel na gelang van persoonlike belang, alhoewel die volgende nie beslissend is nie, maar dit kan toepaslik wees:
Hierdie koor is oor die viering van die lig, en dus gelykstaande aan die Fees van die Ligte. Die stemming sal dus een van feestelikheid wees.
Die lirieke is oor die son en die lig, dus sal kostuums kleurvol en helder wees.
Soos wat hulle saamsing, sal die kinders optree in 'n regop houding (om trots, vreugde, vrede en geluk te toon). Die atmosfeer van die liedjie is vrolik, so ook die gesigte van die kinders. Hulle sal gelei word om hulle vrolike emosies te visualiseer, hoofsaaklik deur middel van hul gesigte en die manier waarop hulle hul liggame beweeg.
Die kinders se stemme sal melodies wees.

| **PUNTE 4.4** | | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| **Uitstekend** | **6** | Kandidaat verstaan duidelik die opvoering en kan hom/haar vereenselwig met die funksie van die koor. Kandidaat is in staat is om fisies en vokaal **leiding (aanwysings) te gee** vir die regie van die koor deur konkrete, spesifieke voorbeelde uit die teks te gebruik. |
| **Goed** | **4–5** | Kandidaat verstaan die opvoering en kan hom/haar vereenselwig met die koor. Kandidaat is in staat is om fisies of vokaal **leiding (aanwysings) te gee** aan die koor, deur konkrete, spesifieke voorbeelde uit die teks te gebruik. |
| **Gemiddeld** | **3** | Kandidaat lewer uitsprake oor die opvoering en kan hom/haar vereenselwig met die funksie van die koor. Kandidaat gee 'n mate van **leiding (aanwysings)** aan die koor deur algemene voorbeelde uit die teks te gebruik. |
| **Elementêr** | **2** | Kandidaat slaag daarin om 'n paar voorbeeld(e) van die koor te gee, maar is skaars in staat is om te **lei/aanwysings te gee**. |
| **Swak** | **0–1** | Kandidaat gee 'n paar basiese **aanwysings**. Oor die algemeen is stellings wat verband hou met die antwoord, meer toevallig as beplan. |

(6)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

4.5 Die storielyn het 'n eenvoudige begin wat vorder tot 'n komplekse situasie. Die sentrale karakter se belang is nie groter as die hooftema van die storie nie. Daar is 'n kombinasie van 'n fisiese komponent (bv. sang, musiek, dans, ens.), visuele komponent (verhoogplasing, kostuum, gebare, ens.), ouditiewe komponent (stem, woorde, ens.) om die storie te visualiseer. Die toneelstuk vier die erfenis van Afrika-vertelkuns en -legende. (4)

4.6 Kringteater
Opelug
Arena(aanvaar enige een of meer) (1)

4.7 Reën kan die opvoering versteur.
Stemme kan oorstem raak op 'n winderige dag.
Die geluid wat van die musikale instrumente kom, mag dalk nie so sterk wees nie.
Terwyl van die gehoor verwag word om deel te wees van die opvoering, kan daar 'n verlies van orde wees as die gehoor te veel toegee.
Sommige mense mag te dikwels rondbeweeg, en so die hooftema van die opvoering mis.
Akteurs kan mekaar maskeer (blok). (3)

4.8 Die toneelstuk is geskryf met die Opelug- en/of Kringteater as verwysing. Daar is baie skouspel, want die gehoor sal die werklikheid van buite-optredes, soos stof, ervaar. Die natuurlike landskappe, soos bome, vorm deel van die dekor en verhoog. Met ander woorde, die buite-omgewing is self die natuur. Die gehoor is in staat om met die akteur te meng.
Die gehoor is in staat om deel te neem aan die handeling. Natuurlike verskynsels, soos stof, reën, die son, kan deel van die teks/manuskrip wees en dit sal die storie meer geloofwaardig maak. Daar is sekere Afrika-musiekinstrumente wat beter klink as dit buite eerder as binne gespeel word. Die klank gemaak deur die musiekinstrumente, soos die dromme en sang, sal baie ver gehoor word, en sodoende die inligting na die gehoor ver weg stuur dat die vertoning gaan begin of reeds begin het. (7)

**[30]**

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 5: *WOZA ALBERT!* DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

5.1 5.1.1 Aanvaar DRIE eienskappe ten volle verduidelik of SES punte kortliks verduidelik. Die minimale gebruik van rekwisiete, inkleding en klank wat tegnies geproduseer is. 'n Enkele rekwisiet het baie funksies.

- Die produksies van 'n mens se eie klankopnames/verbale dinamika/idiofone, inkleding en die neutrale gebruik van kostuums.
- Die akteur is die fokuspunt in die produksie.
- Gebruik van die fisiese liggaam om kragtige beelde wat 'n indruk op die gehoor sal maak, oor te dra.
- Kreatiewe gebruik van stem – al die musiek word deur die akteurs gemaak.
- Arm Teater het alle masjinerie vermy en al die skouspel wat nie deur die akteur geskep is nie, geminimaliseer.
- Kunstenaars is nie toegelaat om grimering te gebruik of van kostuum te verander om 'n verandering in die karakter aan te dui nie.
- Via Negativa
- Gehoor en akteur verhouding
- Aanvaar enige ander kenmerke

(6)

5.1.2 Dit is gebruik om wit mense te verteenwoordig.Kan ook geintrepeteer word as ‘n nar of ‘n vark neus,om die spot te dryf met die witmense.Maak ‘n bespotting van witmense. (1)

5.1.3 Twee voorbeelde nodig. Aanvaar ander antwoorde indien geldig.
Die bokse is multifunksioneel en word gebruik vir verskeie doeleindes soos:

- Sitplekke: Gedurende die opvoering kan die akteurs die kiste gebruik om op te sit – kan gebruik word as treinsitplekke.
- Plasing en beplanning(Blocking): Die akteur se bewegings en 'opvoerarea' word gemerk deur die plasing van die kiste.
- Dien as die verkoper se tafel, vullisdrom, vragmotorwa waaruit die akteurs steenkool verkoop.
- Gebruik in die helikoptertoneel. (2)

5.1.4 Die hangstaaf word gebruik om kostuums aan op te hang, want dit het dit vir die akteurs moontlik gemaak om vinnige kostuumveranderings te doen. Dit het ook 'n plek aan die karakters verskaf waaragter hulle kon wegkruip. (1)

5.2 'n Subjektiewe antwoord word vereis. Aanvaar goed gemotiveerde antwoorde. (Aanvaar ander antwoorde indien dit goed gemotiveer word)
Die volgende is 'n voorstel.
Eerstens is 'n paar van die kwessies wat die toneelstuk beklemtoon, irrelevant in vandag se demokratiese Suid-Afrika – die pas en die paswette. Die regisseur sal kreatiewe maniere moet vind om hierdie pynlike deel van die geskiedenis op 'n sensitiewe manier vir die gehoor aan te bied om hierdie hoogs emosionele aspek van apartheid te waardeer. Die akteurs sou beslis hierdie deel van ons geskiedenis nagevors het om geloofwaardige opvoerings


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

te produseer. Die aanvanklike toneelstuk het 'n proses ingesluit waarby al die oorspronklike akteurs betrokke was en dit was 'n situasie waaraan hulle blootgestel was, so dit was makliker om te vertaal en persoonlike ervarings op die produksie toe te pas.

Die regisseur kan dalk die akteurs voor die produksie bewus maak omdat hulle dalk jong was en nie kan onthou hoe dit regtig was tydens apartheid nie. Die tsotsitaal wat in die drama gebruik word, kan dalk vervang word met sleng ('slang') wat meer bekend is aan 'n moderne gehoor sonder om die betekenis in die drama te verander. (5)

5.3 Die taal dra by tot die plaaslike atmosfeer van die toneelstuk en maak dit makliker vir die gehoor om met die karakters te identifiseer. Gehoor kan hulself dikwels in die karakters inleef. Omdat dit 'n protestoneelstuk is, het dit die taal van die straat gebruik sodat dit kan maklik deur die gehoor verstaan kon word. Toon ook dat Mbongeni IsiZulu praat en dat Percy, wat die blanke werkgewers verteenwoordig, Afrikaans praat. (3)

5.4 Nasieners moet holisties merk.
Vokaal – Aanvanklik kon Mbongeni begin deur 'n gemiddelde tempo en volume te gebruik. Hy laat die volume geleidelik toeneem en raak meer gefrustreerd as hy al die dinge noem wat hulle te doen staan. Teen die einde van die reël 7 sou die vokale volume baie hard wees en sy toon sou sy woede weerspieël.
Fisies – Hy sal baie gebare gebruik – wys na homself en Bobbejaan wanneer hy praat oor al die werk wat hulle moet doen. Gooi sy hande in die lug wanneer hy sê: " ... there's too much work for two people". Hy wys na homself as hy sê: "Me and Bobbejaan". Hy kon demonstreer hoe hy 'n vragmotor stoot, die stene laai en die sand grawe. Hy kon 'n tree agteruit gee, sy hande in die lug gooi en sê: "Aaay suka!" uit frustrasie.
(Aanvaar ander vokale vaardighede indien dit goed gemotiveer word) (6)

5.5 (Aanvaar enige goed gemotiveerde tema wat in Bron B genoem of erken word.. Kandidate moet die temas wat duidelik is in die uittreksel, beskou en nie in die drama in geheel nie.)
Die hooftema is uitbuiting en onderdrukking van werkers. Percy en Mbongeni werk hard en vir lang ure en word min betaal. Hulle word sleg behandel deur hul werkgewer, Baas Kom, wat dreig om hulle af te dank elke keer as hulle nie met hom saamstem nie of oor hul werksomstandighede kla. Hul werkgewer dreig hulle deur te sê dat daar honderde mense op soek is na werk, dus moet hulle dankbaar wees vir die werk wat hulle het. Die werkgewer verskaf nie basiese mense-/werkerregte aan hulle nie.
Dit is relevant vandag omdat baie mense steeds onderbetaal en oorwerk is.
Maar die werkers het ten minste 'n manier om hul griewe te uit druk deur hul vakbonde en stakings.
Nog 'n tema wat beklemtoon word, is die ironie dat, hoewel hulle duisende bakstene maak, hulle nie in behoorlike huise leef nie – hulle sê hulle leef in sardiensblikke.
Die behuisingsprobleem bestaan vandag nog en hoewel die regering effense vordering op hierdie gebied gemaak het, is daar miljoene mense is wat steeds wag vir huise. Vandag is korrupsie ook 'n groot probleem in die toekenning van tenders aan konstruksiemaatskappye wat dalk nie ten volle gekwalifiseer is om sulke massiewe bedrywighede te onderneem nie; dus word mense gelaat met huise wat slordig gebou is. (6)
**[30]**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com


## VRAAG 6: *SOPHIATOWN* DEUR DIE JUNCTION AVENUE-TEATERGESELSKAP

6.1 (Aanvaar TWEE punte wat goed gemotiveer word of VIER punte wat eenvoudig gestel word) Die drama Sophiatown dokumenteer 'n waardevolle en lewendige deel van die Suid-Afrikaanse geskiedenis wat andersins verlore sou gewees het omdat die apartheidregering dit heeltemal wou uitwis. Hulle het dit as 'n klad op hul visie van afsonderlike ontwikkeling gesien, want dit was 'n plek waar verskillende bevolkingsgroepe saam in vrede en harmonie geleef het teen die regering se beleid van apartheid. Die toneelstuk is 'n optekening van die lewe van gewone mense in Sophiatown, hul stryd om te oorleef, hul vasberadenheid en wil om teen alle verwagtinge in te oorleef, hul nimmereindigende stryd met die apartheidsregering. Die toneelstuk gee ons insig in hoe mense, ten spyte van die beperkings wat op hulle geplaas is en die onderdrukking wat hulle voortdurend in die gesig gestaar het, opgewasse was. Die kultuur, musiek, tradisies van Sophiatown, wat 'n impak gehad op so baie prominente swart mense in Suid-Afrika, sou vergete gewees het indien dit nie opgeteken is nie. (4)

6.2 Jakes is die karakter sowel as 'n verteller in die drama. Hy is opgevoed en daar word na hom verwys as 'n "intellektuele" of "situasie" – deur Mingus en die ander in Sophiatown wat nie opgevoed is nie. Hy stel die toneel op en gee die gehoor belangrike inligting oor die karakters en Sophiatown. Hy tree ook op as 'n skakel tussen die tonele in die drama.
As 'n joernalis vir die tydskrif *Drum* hou Jakes al die karakters ingelig oor wat in Sophiatown sowel as in Suid-Afrika oor die algemeen gebeur. Hy is die stem van die rede en in beheer. Hy verteenwoordig die kultuur van Sophiatown.
Hy is 'n belangrike karakter, want hy is betroubaar en daar kan op hom staatgemaak word om akkurate en onbevooroordeelde inligting oor wat in Sophiatown en Suid-Afrika oor die algemeen aan die gebeur is, te gee. Die enigste keer dat ons as die publiek twyfel oor sy egtheid, is wanneer hy sy ware gevoelens vir Ruth wegsteek. (4)

6.3 Jakes se openingsmonoloog bied die uiteensetting van die drama. Hy beklemtoon die verskillende name van Sophiatown en trek die gehoor in die toneelstuk in. Hy vertel dan die publiek oor die verskillende plekke van belang, soos The Back of the Moon en die fliekteaters – plekke wat gereeld deur die inwoners van Sophiatown besoek is. Hy vertel van die verskillende straatbendes en die beroemde mense van Sophiatown, en berei die stemming van die toneelstuk voor. Ons word dan voorgestel aan 65 Gerty Street en Mamaritis' Diamond Shebeen waar die meeste van die handeling plaasvind. Hy beskryf dit nie in glorieryke terme nie, maar hy skep 'n verwagting by die gehoor van wat aan die kom is.
(Aanvaar ander goed gemotiveerde antwoorde) (4)

6.4 Princess is Mingus se vriendin. Hy het haar uit die krotbuurte gehaal en vir haar 'n redelike goeie lewe gegee. Sy is trots, dink te veel van haarself en voel dat sy haar wil kan laat geld bloot omdat sy Mingus se vriendin is. Sy wantrou Ruth van die begin af, want sy beskou haar as kompetisie. Sy is jaloers op die aandag wat Mingus aan Ruth gee en sy wil haar nie daar hê nie. Sy lag hardop, want sy spot met Ruth se naïwiteit oor die lewe in Sophiatown. Sy voel dat Ruth dom is om te dink sy kan dieselfde lewe wat sy in Yeoville gehad het, in Sophiatown hê – haar eie kamer, ens. (3)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


6.5 Ruth se verwagtinge is heeltemal onrealisties en beklemtoon haar onkunde oor die situasie waarin sy haarself bevind. Sy verwag om dieselfde soort toestande wat sy in Yeoville gehad het, te hê, en oorweeg nie die werklike lewensomstandighede in Sophiatown nie. Dit is nie wenslik nie, want vir die ander karakters is die idee van 'n mens se eie slaapkamer 'n luukse wat hulle nie kan bekostig nie, want ruimte is so beperk. Haar antwoorde is geldig in eie reg, want jy kan nie regtig 'n kamer deel met 'n man wat jy nie ken nie, maar dit was aanvaarbaar in Sophiatown as gevolg van die stampvol lewensomstandighede. Maar sy het gekies om na Sophiatown te kom, dus moet sy aanvaar wat ook al aan haar gegee word. Die ander karakters vind haar naïwiteit snaaks en die gehoor verwag dat 'n mate van konflik en moontlik komiese kwessies die gevolg sal wees van die kulturele en sosiale gaping tussen die karakters. (3)

6.6 Nasieners moet 1 fisiese en 1 vokale vaardigheid aanvaar wat ten volle verduidelik word, **OF** vier punte kortliks bespreek. Fisies – Mingus sou baie stadig om Ruth loop, haar van kop tot toon beskou, moontlik een hand in sy sak sit en met die ander een sy ken vashou, en sy kop goedkeurend knik oor wat hy sien. Vokaal – Hy is luid en kru met 'n arrogante toon. Hy het 'n doelbewuste tempo wanneer hy sê: "Alright she can stay." (4)

| **PUNTE 6.7** | | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| **Baie goed** | **7–8** | Kandidaat is in staat om 'n duidelike en bondige antwoord wat kennis van die tema en geskiedenis gee, te gee. Verbind en integreer beide aanhaling en kennis van gedwonge verskuiwings en die geskiedenis van Sophiatown. |
| **Goed** | **5–6** | Kandidaat is in staat om die tema van gedwonge verskuiwings in detail te bespreek. Wend 'n poging aan om aan te sluit by die aanhaling en probeer om te sê hoe dit 'n geldige beskrywing van Sophiatown is. |
| **Gemiddeld** | **3–4** | Kandidaat het 'n begrip van die tema van gedwonge verskuiwings en is in staat om dit in detail te beskryf, maar het nie die vermoë om na die aanhaling te verwys en te sê hoe dit 'n geldige beskrywing van die geskiedenis van Sophiatown is nie. Maak breë en algemene stellings. |
| **Swak** | **0–2** | Kandidaat gee 'n basiese bespreking van temas, maar versuim om by die aanhaling aan te sluit. Antwoord kan baie vaag en deurmekaar wees. |

(8)

6.7 SLEGS N VOORSTEL VERWYS NA RUBRIEK.

Nasieners moet holisties merk. Nasieners moet ander geldige en toepaslike antwoorde van kandidate aanvaar. Die volgende is slegs 'n voorstel:
Sophiatown was 'n losstaande voorstad, in teenstelling met ander swart townships in Suid-Afrika. Swart mense kon hul eie land besit en is toegelaat om hul eie huise te bou en kon dit aan huurders verhuur indien hulle wou. Dit was ook 'n plek waar alle rasse toegelaat is om te meng en vrylik rond te beweeg, want daar was vryheid van beweging. Alle rassegroepe is toegelaat om eie besighede te besit en die meeste het gefloreer. Dit was amper asof apartheid nie in Sophiatown bestaan het nie. Volgens Es'kia Mphahlele, "wat Sophiatown so spesiaal gemaak het, was die vryheid van gees onder die mense wat daar gewoon het. Hulle het nie ingeperk gevoel deur grense nie en dit het in hul gemaklike leefstyl gewys." Dit was die enigste swart woonbuurt wat nie omring was deur 'n heining soos ander townships nie. Omdat Sophiatown 'n losstaande voorstad was, het sjebiens en danssale gefloreer. Die lewe hier was lewendig en opwindend.

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


Maar toe die Nasionale Party-regering aan bewind gekom het, het hulle Sophiatown gehaat, want dit het gestaan vir alles wat hulle geglo het verkeerd was met Suid-Afrika en die destydse apartheidsregering het besluit dat Sophiatown vernietig moes word. Die Raad vir Hervestiging het die grondeienaars van Sophiatown opdrag gegee om hul eiendomme te verkoop, maar die inwoners het geweier om dit te doen. In 1955 het die regering 'n datum aangekondig waarop die uitsettings sou plaasvind. Dit het die mense, wat weerstandsgroepies gevorm het, woedend gemaak. Maar die regering het vier dae vroeër as die datum wat hulle gestel het, inbeweeg. Daar was tweeduisend politieke speurders ('G-men') langs die straat. Dit was 'n skoktaktiek omdat hulle geweet het dat die mense weerstand sou bied en nie sou trek nie. Toe die mense hiervan gehoor het, het hulle begin om hul meubels en besittings te skuif na die skole en gemeenskapsale. So, sonder waarskuwing, het swaar gewapende polisie en die regering se slopingspanne in Sophiatown inbeweeg en mense uit hul huise gedwing. Baie mense het nie 'n kans kry om behoorlik te pak of afskeid te neem van familie, vriende en bure nie.

Die skeppers van die toneelstuk toon die pyn, angs en wanhoop wat die mense deur die verskillende karakters aan die einde gevoel het. Mamariti sê: "I'd rather die. Dump me anywhere, I'd rather die. "Jakes sê: "This bitterness inside me wells up and chokes. We lost, and Sophiatown is rubble."

**[30]**

## VRAAG 7: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI

7.1 Mandisa en Thando praat oor Sipho, onbewus daarvan dat Sipho na hul gesprek luister. Mandla is soos gewoonlik baie uitgesproke en stel aan Thando voor dat sy haar pa se wense moet verontagsaam. Sy por Thando aan om Sipho teen te gaan. Die gehoor is bewus daarvan dat Sipho luister. Dit dra by tot die spanning en afwagting, want die gehoor is die karakters 'n tree vooruit en is in afwagting om uit te vind wat die karakters se reaksie daarop gaan wees as hulle uitvind dat Sipho na hul gesprek geluister het.
Spanning word geskep as gevolg van afwagting vir sy optrede. (4)

7.2 7.2.1 'n Karakter agter die skerms is iemand waarna verwys word deur die karakters op die verhoog, maar wat nie self op die verhoog verskyn nie. (1)

7.2.2 Kani het Mpho as 'n karakter ingesluit om Thando se stabiliteit en betroubaarheid as 'n karakter uit te lig. Hy is Thando se kêrel van vier jaar. Dit lyk asof hulle 'n goeie en bestendige verhouding het en hy het die feit aanvaar dat, as hy met Thando trou, hy Sipho sal moet aanvaar as deel van die pakket, wat hy blyk heeltemal bereid te wees om te doen, want hy is steeds bereid om voort te gaan met die lobola-onderhandelinge. Hy dra by tot die realistiese intrige om te wys dat Thando wel 'n lewe buite die een het wat in die toneelstuk getoon word, naamlik haar rol as 'n dogter en 'n tolk by die WVK.Sy moet ‘n stabiele lewe met twee geliefdes in ag neem. (3)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

7.3 Mandisa se houding in hierdie reëls is ligsinnig en tot 'n mate arrogant. Sy het geen respek vir die tradisionele kultuur waarin die pa 'n belangrike gesagsfiguur is nie. Sy sê wat sy dink en is nie bang om die grense uit te daag nie. In hierdie reëls sê sy wat sy dink en beïnvloed byna vir Thando om haar pa te verontagsaam. Dit wys dat sy onafhanklik is, baie verwesters in haar denke en oortuigings en sy glo dat 'n mens nie toestemming nodig het van jou ouers vir die besluite wat jy maak nie. Daarom sy sukkel om Thando se algehele gehoorsaamheid aan haar pa te verstaan. Mandisa is nie gewoond aan die streng opvoeding waaraan Thando gewoond is nie. (3)

7.4.1 Haar reaksie sou een van skok en verbasing wees en dit sal in haar verskrikte blik getoon word –oë wyd oop van verbasing, miskien 'n mond wat oopgeval het, wenkbroue gelig. Sy sou haar hand oor haar mond kon plaas uit skok. Sy sou 'n tree agteruit kon neem asof sy geskrik het. (3)

7.4.2 Twee voorbeelde moet genoem word. Sipho bedoel dat Mandisa net soos haar pa Themba is omdat sy Sipho se rol as Thando se pa heeltemal verontagsaam. Themba het nooit vir Sipho en sy gevoelens reg van die begin af tot die tyd van sy verhouding met Sindiswa in ag geneem nie. Hy het net geneem wat hy wou sonder om te dink watter uitwerking dit op Sipho kan hê of die gevolge van sy dade. Sipho bedoel dat dit lyk asof Mandisa in haar vader se voetspore volg, veral wanneer sy sê: 'To Hell with your father!' Vreemd genoeg kan Thando Themba se dogter wees en Sipho besef nie die ironie van wat hy sê. (4)

7.5 Die taal en dialoog wat in die drama gebruik word, is omgangstaal. Dit weerspieël die sosio-ekonomiese en opvoedkundige vlak van die karakters. Dit is gewone, alledaagse taal en die realistiese intrige word gedryf deur 'n reeks gesprekke en argumente wat die uiteindelike waarheid van die situasie, die karakters en hul standpunte ontbloot. 'n Mens kan egter die realisme van die gebruik van Engels regdeur die toneelstuk bevraagteken, want Sipho sou waarskynlik 'n Afrika-taal gebruik het wanneer hy met sy dogter by die huis praat. (4)

7.6 Nasiener moet holisties merk. Indien 'n kandidaat eenvoudig 'n lys maak van Stanislavski se tegnieke, ken 'n maksimum van 5 toe. Volpunte word toegeken aan kandidate wat albei dele van die antwoord integreer en nie noodwendig al 10 tegnieke gebruik nie.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

| PUNTE 7.6 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Baie goed** | **7–8** | Kandidaat gebruik Stanislavski se tegnieke om sy/haar toneelspel-voorbereidingsproses te bespreek vir die karakterisering en vertolking van die rol van Mandisa/Thando.<br>Verbind die toneelspelproses van die opvoeringvoorbereiding met voorbeelde van die karakter se geskiedenis, persoonlikheid en optrede.<br>Is in staat om beide dele van die vraag samehangend te integreer. |
| **Goed** | **5–6** | Kandidaat is in staat om die toneelspelproses te beskryf en dit in verband te bring met die karakter waarvoor hy/sy voorberei. Dikwels is die beskrywing van die proses meer gedetailleerd as die verbinding met die karakter se optrede en persoonlikheid.<br>Sommige kandidate kan eenvoudig 'n lys maak van Stanislavski se toneelspeltegnieke. |
| **Gemiddeld** | **3–4** | Kandidaat het ÓF 'n begrip van die toneelspelproses en is in staat om dit in detail te beskryf, maar het nie die vermoë om die skepping van die karakter in verband te bring met die proses nie ÓF beskryf die karakter op 'n oppervlakkige wyse en versuim om dit in verband te bring met die proses van toneelspel. |
| **Swak** | **0–2** | Kandidaat gee 'n basiese beskrywing van die skep van 'n karakter, maar versuim om aan te sluit by die toneelspelproses, behalwe om byvoorbeeld te sê 'praat hard', 'tree korrek op'. |

(8)

Die volgende is slegs 'n riglyn:

**Belangrikste punte van Stanislavski se stelsel:**

1. **Navorsing** Akteur doen karakter navorsing bv.ouderdom,taal, houding,agtergrond ens.
2. **Die magiese asof ('magic if')**: Die akteur weet dat die toneelstuk en die verhoogplasing deur die dramaturg geskep is, maar hy vra homself af: "Hoe sou ek optree as dit ekwas?' Hierdie vraag help hom om die denkbeeldige wêreld van die toneelstuk na 'n regte een te transformeer.
3. **Verbeelding**: Om te help met die bereiking van die magiese 'as', moet 'n akteur 'n lewendige verbeelding hê. Hy moet homself vrae afvra oor die rol wat hy speel. Tydens die opvoering moet hy verstaan wat die motivering is vir wat hy sê en doen.
4. **Konsentrasie**: Die akteur moet sy aandag konsentreer op wat op die verhoog gebeur en dit moenie afgelei word deur die 'swart gat' in die ouditorium waar die gehoor sit nie.
5. **Fisiese ontspanning**: Dit is noodsaaklik om te ontspan, veral in oomblikke van 'n sterk dramatiese emosie.
6. **Fisiese aksies**: Klein fisiese handelinge op die verhoog is belangrik. Die akteur moet daarin glo en probeer om hulle so bewustelik as moontlik uit te voer, met ander woorde die optrede op die verhoog moet 'n motivering/rede hê.
7. **Emosionele geheue**: 'n Akteur moet put uit sy emosionele geheue om waarheid en oortuiging te gee aan sy uitbeelding van 'n karakter.
8. **Kommunikasie**: Goeie kommunikasie tussen kunstenaars op die verhoog word bereik deur aandagtig te luister en direk en bewustelik na die ander karakters te kyk.
9. **Internalisering**: 'n Akteur moet sy verstand en emosionele perspektief gebruik om die inhoud van die toneelstuk te verstaan.
10. **Subteks**: 'n Akteur moet die onderliggende betekenis ondersoek en verstaan. Dit word bereik deur die subteks van 'n karakter se dialoog te ken.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

11. **Emosionele verbinding**: 'n Akteur identifiseer nie heeltemal met sy rol nie. Hy 'leef, huil en lag op die verhoog, en terwyl hy huil en lag, neem hy sy lag en trane waar.'
12. 'Wees lief vir die kuns in jouself, nie jouself in die kuns nie.'

Kandidate mag sommige of al die bogenoemde punte gebruik wanneer die vraag oor die voorbereiding vir die rol van Mandisa of Thando beantwoord word.Ander aspekte van die Stanislavski se sisteem kan ook na verwys word.

Ek sal Stanislavski se toneelspeltegnieke gebruik vir die skep van die karakter, Mandisa of Thando.
Eerstens sal ek die teks in besonderhede bestudeer deur te verwys na die algehele doelwit van die teks en dit dan in tonele opbreek, elk met sy eie doelwit. Mandisa is baie meer uitgesproke as Thando, minder sensitief vir nuanses in interaksie, meer onafhanklik.
Hoewel sy familie is, en trots op haar erfenis as die dogter van 'n held van die Struggle, is sy duidelik 'n buitestander, 'n produk van die Engelse kulturele waardes, oortuigings en praktyke. Sy het geen werklike kennis van die plaaslike gemeenskap, hulle gewoontes en waardes nie. Haar kennis van Suid-Afrikaanse politieke kwessies is gebaseer op wat sy van haar pa geleer het, deur die besoek van uitgewekenes, en die Britse media.

Die volgende stap is internalisering waar gereedskap soos 'emosionele geheue' (die herinnering aan 'n soortgelyke tyd in 'n mens se eie lewe om toegang te verkry tot die emosies wat nodig is) en 'die magiese asof' (vra jouself 'Hoe sou ek voel as ek in hierdie posisie was?') gebruik word om die interne gevoelens wat nodig is vir ware emosies, te skep. Ek was nog nooit in Mandisa se posisie nie, so ek sou 'die magiese asof' gebruik het en myself afgevra het hoe ek sou voel as ek gekonfronteer word met inligting oor my oorlede pa wat die groot emosionele pyn veroorsaak.
Die finale stap is fisikalisasie ('physicalisation'). Die karakter moet lewendig raak op die verhoog met gedetailleerde en klein, akkurate handelinge. Om dit te doen, sou ek Mandisa se vrymoedigheid en die gevoel van pret en krag oordra deur middel van geringe gebare en maniertjies.

**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

(MERK HOLISTIES)

8.1 Thami hou nie daarvan om te dink dat hy die wet oortree nie. Die woord is nie 'informeel' nie, maar onwettig. Dit maak dit vir Thami makliker om handel te dryf in diamante as hy die term 'informeel' gebruik. (2)

8.2 In reël 10 is Thami se stemtoon entoesiasties en positief, sy volume is op 'n normaal omdat hy vol vertroue is oor wat hy sê. In reël 11 waarsku Johan se stemtoon – byna dreigend – en sy volume is hard soos hy probeer om die punt te maak dat wat Thami se voorstel, gevaarlik is. (2 x 2) (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

8.3 Thami reageer met frustrasie. Hy sou stop waarmee hy besig was, weg van Johan draai en sy volume verhoog deur hard en met spanning in sy stem te praat. Sy vokale tempo sal vinnig wees as hy reël 2 begin, maar stadiger na '... there it is' (reël 3). Hy maak ferm stellings omdat hy oortuig is van sy interpretasie van die situasie waarin hy homself bevind. Hy kon sy hand uitgesteek asof hy die pakkie diamante in die palm van sy hand kan sien. Soos wat hy aanhou praat, sal hy sy hand toemaak en dit in afgryse langs sy sy laat sak as hy praat van die 'nonsense-makers' (reël 5). (6)

8.4 Thami stel voor dat die polisie weet van die onwettige diamantbesigheid (ODB) en hulle nie net blind hou nie, maar betrokke is by die hele proses van die neem van omkoopgeld om stil te bly. (2)

8.5 Beide Thami en Johan neem deel aan kriminele aktiwiteite. Thami het, sonder Johan se kennis, begin handel dryf in onwettige diamante as 'n manier om vinniger geld te verdien. Johan dreig en bind Smith was met die hoop om hom te kry om vir hulle geld te gee in die ontginning van diamante te belê, 'n manier van ontvoering. Nie een van hulle sien iets verkeerd in die manier waarop hulle optree nie, maar beide aktiwiteite is onwettig. (4)

8.6 Die taal is realisties en omgangstaal word gebruik. Johan gebruik frases uit ander tale soos mense in Suid-Afrika dikwels doen in natuurlike spraak. Die twee lyk gemaklik in mekaar se geselskap en praat op 'n ontspanne, informele wyse. Die argument wat hulle het, lyk asof dit een is wat hulle dikwels het. Dit dui daarop dat die twee mekaar goed ken en al vir 'n geruime tyd vriende is. (4)

8.7 Nasieners moet holisties merk. 4 punte vir die bespreking en beskrywing van die uitwerking van die konflik op Johan en 4 punte vir Thami.

Thami glo dat onwettige diamantkopery die manier is om uit sy finansiële verknorsing te kom. Dit behels nie harde handearbeid, die koop van konsessies of die hantering van plaaslike inwoners wat hul deel wil hê nie. Dit lok hom as 'n makliker, skoner manier om die geld wat hy nodig het, baie vinniger te kry. Hy sou as 'n tussenganger optree tussen die koop van diamante van die dorpenaars en ander 'steel' van die konsessies en die verkoop daarvan aan kopers in die stede wat die koste van 'n wettige roete wou vermy.

**Fisiese karakterisering:** Thami sou wegbeweeg van Johan. Gedurende die hele toneelstuk hy dit verhoed om te naby aan Johan te kom, veral wanneer Johan emosionele en dreigend raak in sy aandrang om die konsessie te koop en vir Smith te probeer oortuig om sy en Thami se sakevennoot te raak.

**Vokale karakterisering:** Thami sou sy stemtoon en die tempo waarteen hy praat om sy protes te beklemtoon, kon verhoog. Sy volume kan toeneem by tye wanneer hy sy verwerping van Johan se besigheidsvoorstel of Johan se idee om Smith te oortuig om die geld te voorsien, herhaal.

**Gebruik van die verhoog:** Thami weerstaan Johan, en omdat 'n kalmer tipe karakteris, sou hy by sy standpunt kon hou. Hy sou dus eerder 'n verhoogarea kies om homself in te posisioneer, of hy kan dalk selfs van die verhoog af beweeg na die kombuis om direkte konfrontasie te vermy.


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

Johan glo dat ODB 'n pad is wat tot inhegtenisneming sal lei. Hy meen dat dit 'n kortpad is wat nie die moeite werd is om te probeer nie. Hy stel voor dat die polisie 'n paar van die ODB-diewe sal moet vang om te wys dat hulle hul werk doen en hulle is meer geneig om op die nuwelinge te fokus eerder as ander met wie hulle 'n verhouding in die verlede ontwikkel het. Hy is oortuig daarvan dat die risiko's swaarder weeg as die kans om geld te verdien. Daar is 'n deel van Johan wat wil hê dat hy die moeiliker roete moet neem sodat hy homself aan Thami kan bewys en opmaak vir die foute in sy verlede.
**Fisiese karakterisering:** Johann kan vorentoe leun om sy vasberadenheid aan Thami te beklemtoon om hom te oorreed om by hom aan te sluit in 'n besigheidsvennootskap. Hy is 'n hoogs gespanne karakter, dus kan hy sy arms rondswaai en oormatige gebare gebruik om sy punt oor te dra.
**Vokale karakterisering:** Die volume van sy stem kan toeneem en sy toon kan laer raak soos hy dreigender raak. Hy kan selfs 'n laer stemomvang gebruik om sy desperaatheid en dreigende houding te beklemtoon.
**Gebruik van die verhoog:** Hy mag dalk die verhoog kruis van links na regs, en selfs die verhoog oorkruis van bo na onder om sy opwinding en aandrang aan te dui. Hy sal 'n vinnige tempo in sy bewegings gebruik. Hy kan later in die drama die hele verhoog gebruik, want sy spanningsvlak is hoog en hy sal dit uitdruk deur meer fisies as Thami te wees. (8) **[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Tjokkie praat eerstens in 'n normale volume en met 'n bemoedigende stemtoon as hy weet Tiemie wil hulp en raad van hul ma hê; hy raak meer geïrriteerd en verhoog sy volume die tweede keer omdat hy nie kan verstaan hoekom sy nie haar ma vertel van haar probleme nie. Teen die derde keer is hy knaend en gedetermineerd, maar kalm en verlaag sy volume 'n bietjie om Tiemie aan te moedig om met hul ma te praat.Tjokkie se stemtoon kan ook hoër word en sy volume harder. (6)

9.2 Sy glo sy kan swanger wees, maar omdat dit slegs twee weke is sedert sy laas gemenstrueer het, is sy nie heeltemal seker nie. Dit is haar manier om haar ma te vertel dat sy swanger is omdat sy nie gemaklik is om die woorde mee te deel. (2)

9.3 Tjokkie se sien van die toekoms en die interpretasie daarvan deur die ander karakters eindig met 'n groot en traumatiese impak op die gesin. Die swangerskap kan Tiemie se bekommernis wees, maar dit is Tjokkie se 'sien' van die jonger en ouer man wat 'n saadjie buite Tiemie se slaapkamer plant wat die onsekerheid oor die vaderskap van haar kind veroorsaak. Beide Tiemie en Ma is ontsteld en uiters bekommerd. Jakes is van mening dat Tiemie hom het verneuk het en raak gewelddadig en aggressief in die wyse waarop hy Tiemie behandel. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

9.4 Tiemie is seergemaak en kwaad oor haar ma se reaksie omdat Ma in 'n soortgelyke situasie as Tiemie was toe sy jonger was. Daarbenewens bly Ma by Giel sonder 'n huwelik, so haar opmerking dat sy Tiemie beter as dit grootgemaak het, is nie korrek of regverdig teenoor Tiemie nie. Ma het 'n reputasie gehad dat sy 'maklik' was en Tiemie moes ander mense hanteer wat veronderstel het dat sy ook 'maklik' was aangesien sy jonk was. Haar eenvoudige herhaling van 'Het Ma?' maak dit duidelik aan haar ma dat sy oor al hierdie dinge dink. (4)

9.5 Die kort sinne dui op 'n huiwering van die karakters om enige ernstige, emosionele, persoonlike saak te hanteer. Tiemie gebruik eufemismes om haar ma te vertel dat sy swanger is. In Suid-Afrika in die 1970's sou baie min gesinne gemaklik gewees het daarmee om oor seks voor die huwelik of oor swangerskap te praat. Die dialoog is realisties en die karakters ignoreer die gehoor en skep die karakters op die verhoog sodat die gehoor 'gewillig sy ongeloof laat vaar' en ingetrek word in die familiedrama asof dit is die werklike lewe is. Die Afrikaans wat deur die karakters gepraat word, is eenvoudig en toon dat hulle laer middelklas eerder as opgevoed is. (4)

9.6 Kandidate wat nie met die stelling saamstem nie, kan volpunte kry, maar sommige leerders mag stem en punte moet toegeken word vir enige geldige bespreking.

| PUNTE 9.6 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Baie goed** | **8–10** | Kandidaat bespreek die verband tussen alle laer middelklas gemeenskappe met 'n afwesige vaderfiguur (dood of nie teenwoordig nie), kwessies soos armoede, ongewenste swangerskap, begeerte om aan die siklus van armoede en misbruik te ontsnap, en vroue wat afhanklik is van onbetroubare, onverantwoordelike mans (dikwels ook dronkaards). Hierdie kwessies in die drama is nie beperk tot enige een ras of taalgroep nie. Baie gemeenskappe vandag sal hulself kan vereenselwig met die kwessies in die drama. |
| **Goed** | **6–7** | Kandidaat verstaan die kwessie in die drama baie goed. Hy/Sy bespreek 'n paar van die kwessies: afwesige vaderfiguur (dood of nie teenwoordig nie), kwessies soos armoede, ongewenste swangerskap, begeerte om aan die siklus van armoede en misbruik te ontsnap, en vroue wat afhanklik is van onbetroubare, onverantwoordelike mans (dikwels ook dronkaards). Geneig om breër kommentaar te lewer en is minder geneig om tot 'n mening te verbind. |
| **Gemiddeld** | **4–5** | Kandidaat maak breë stellings en bespreek ten minste EEN kwessie: afwesige vaderfiguur (dood of nie teenwoordig nie), kwessies soos armoede, ongewenste swangerskap, begeerte om aan die siklus van armoede en misbruik te ontsnap, en vroue wat afhanklik is van onbetroubare, onverantwoordelike mans (dikwels ook dronkaards). Is geneig om op die toneel te fokus, eerder as die toneelstuk in gehee.l |
| **Swak** | **0–3** | Kandidaat het 'n mening, maar het nie die vermoë of kennis om dit te staaf nie en is geneig om vae en algemene stellings te maak. Dit is korrek, meer toevallig as beplan. |

(10)
**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


**VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET**

10.1 Etiket A: Meisie
Etiket B: Konstabel (2)

10.2 Die kostuum is geskik. Konstabel is 'n polisieman, daarom dra hy 'n uniform wat amptelik lyk (nie tydspesifiek nie). Hy is veronderstel om blind te wees, daarom dra hy 'n donkerbril om sy oë weg te steek en hy dra 'n wit kierie tipies van blinde mense. Sommige leerders kan noem dat, aan die einde van die drama, keer Konstabel sy baadjie met die binnekant na buite en haal sy bril af. Hierdie kostuum is dus 'vals'.
(Sien volgens hul vermoë, wat toon dat hulle kennis van die spel en karakter het, na.) (4)

10.3 Dit is 'n baie akkurate voorstelling van die twee. Konstabel is vol vertroue en 'n aantreklike man. Hy is op die punt om een van die ander vroue te groet en Meisie het oë net vir hom; sy is bekoor deur hom. Sy kyk vol bewondering na hom; sy is gefassineer deur die manlike figuur in hul huis. Hy kom onbereikbaar en misterieus voor en sy vind dit boeiend. (3)

10.4 10.4.1 Konstabel is bedoel om blind te wees so dit sou die manier waarop die akteur optree baie anders maak as 'n karakter wat in staat is om te sien. Hy sou sy kop draai om na iemand te luister eerder as om na daardie karakter te kyk. Sy sterkste sintuig is reuk en in hierdie reëls ruik en snuif hy aan die jong vroue. Soos hy aan hulle ruik, sou hy naby aan hulle beweeg het en dit sou 'n ongemaklike spanning op die verhoog geskep het omdat hy intiem naby aan vroue, wat vreemdelinge vir hom is,sou wees . (4)

10.4.2 Meisie is naïef en het baie min ondervinding van mans. Sy is ongemaklik en verleë, maar ook aangetrokke tot Konstabel. Sy laat haar kop skaam sak omdat sy nie gewoond is aan die aandag van mans nie. Sy is 'n simbool van onskuld. Dit is hierdie onskuld wat haar 'n teiken vir Konstabel maak en hom die geleentheid gee om haar te oortuig om die huis te verlaat en ongehoorsaam aan haar ma te wees. (3)

10.4.3 Sy voel seergemaak,verbaas en geskok en uit die veld geslaan omdat hy sjarmant is, maar maak dan 'n eerlike stelling wat as onbeskof beskou kan word. Sy vind hom ook aantreklik en wil hê dat hy van haar moet hou. (2)

Kopiereg voorbehou
Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

10.4.4 Hierdie rubriek is die antwoord; 10.4.4.

| PUNTE 10.4.4 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Baie goed** | **7–8** | Kandidaat bespreek die tema van die reuksin in die drama en verbind Konstabel se verhoogde reuksin, die reuk van die mis en die geur van die rose. Hy/Sy is in staat om die manier te verduidelik waarop die misreuk die lewe verteenwoordig waarin Miem, Meisie en Gertie vasgevang is en die rose die vryheid waarna Meisie en Gertie smag. Die kandidaat is in staat om die sensualiteit gekoppel aan die reuksin te assosieer met die intimiteit geskep deur Konstabel se geruik aan die vroue en Meisie te kies as gereed om 'afgehaal' te word. Kandidaat het 'n uitstekende begrip van die drama. |
| **Goed** | **6–7** | Kandidaat verduidelik die tema van die reuksin in die drama deur Konstabel se verhoogde reuksin, die reuk van die mis en die geur van die rose op te noem. . Die kandidaat is in staat om die sensualiteit gekoppel aan die reuksin te assosieer met die intimiteit geskep deur Konstabel se geruik aan die vroue en Meisie te kies as gereed om 'afgehaal' te word. Kandidaat het 'n goeie begrip van die drama. |
| **Gemiddeld** | **4–5** | Kandidaat maak 'n lys van die verskillende reuke in die drama: Konstabel se verhoogde reuksin, die reuk van die mis en die geur van die rose. Geneig om breër kommentaar te lewer oor elke aspek van reuk in die drama, maar koppel dit nie altyd met die drama in geheel nie. |
| **Swak** | **0–3** | Kandidaat ken 'n paar van die geure in die drama, maar is geneig om eenvoudig 'n kort beskrywing te skryf, eerder as om dit te bewys deur na die drama te verwys. Geneig om vae stellings te maak. |

(8)

10.5 Sy is kwaad en seergemaak en sarkasties en voel dat sy beledig is. Haar tempo is stadig en afgemete. Haar stemvolume sou gemiddeld tot sag wees omdat sy in werklikheid met haarself eerder as die ander praat. Amper soos 'n eenkant-kommentaar. (Die kandidate mag vinnige tempo en harde volume kies, maar dan moet hulle dit regverdig dat sy regtig kwaad is en dat dit 'n emosionele reaksie is.) (4)
**[30]**

**TOTAAL AFDELING B: 60**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

**AFDELING C: PAS PERSOONLIKE HULPBRONNE TOE EN BESIN EN EVALUEER**

AFDELING C is VERPLIGTEND.

**VRAAG 11**

Nasieners moet in te neem dat leerders die uittreksel vir die eerste keer sal lees en kreatiewe antwoorde en eie opinies moet aanvaar word, maar maak seker dat hierdie gemotiveer word uit 'n begrip van die teks.

11.1 (Skep die leefwereld, stel karakters voor, lewer kommentaar oor die aksie)Simon voer wel 'n paar van die take van 'n verteller uit, maar is meer van 'n storieverteller en voer op 'n soortgelyke wyse 'n eenpersoonvertoning op. Hy vertel ons wat gebeur, maar hy self skep die meeste van die karakters (behalwe Ruth). Hy vertel van sy eie handelinge. As die kandidaat net sê 'hy vertel die storie' kan 1 punt kry, ten spyte daarvan dat dit in die verduideliking van die uittreksel staan. (2)

11.2 Die volgende is slegs ‘n voorbeeld, die kandidaat kan sy eie Dramatiese kunste ervaring gebruik.Die kandidaat kan die antwoord in die drie dele verdeel of kan dalk al drie saam groepeer en holisties antwoord. Solank al drie die aspekte van die toon, tempo en volume gedek word, kan die kandidaat al 6 punte kry. Dit is nie 2 punte per vokale eienskap nie.

| | |
|---|---|
| Goed 5-6 | Die kandidaat het n goeie begrip van die toepassing van toonhoogte, tempo en volume. Hy/sy kan in konkrete detail verduidelik hoe Simon se vokale vertolking die spanning in die toneel bou tot n klimaktiese moment. Die kandidaat dek alle aspekte (toonhoogte, tempo en volume) maar bespreek nie noodwendig elke aspek in detail nie. |
| Gemiddeld 3-4 | Die kandidaat beskryf ten minste twee aspekte, soos toonhoogte tempo en/of volume. Hy/sy neig om voorspelbare maar geldige antwoorde te gee. |
| Swak 0-2 | Die kandidaat is geneig om in gefragmenteerde frases te skryf. Hy/sy antwoord nie holisties/volledig nie. |

(6)

11.3 11.3.1 Die verkragtingstoneel sal waarskynlik ongemaklik wees vir 'n gehoor om te kyk. Die gebruik van 'n pop en n akteurmag dalk die gehoor kon aanmoedig om dramatiesen en toneelmatige doel te misinterpreteer. Die besemstok en die brood is gewone huihoudelike voorwerpe.Hierdie rekwisiete word gebruik op ‘nvsimboliese,verteenwoordigende en metaforiese wyse.Die gebruik van die stok as ‘n voorwerp wat die brood breek en vernietig laat bewillige verbreking van ongeloof in die gehoor toe en deur hierdie simboliese daad gebeur die verkragting meer in die gedagtes van die gehoor as realisties op die verhoog. (3)

11.3.2 Aanvaar die kandidaat se antwoorde mits dit toneelmatig verantwoordbaar is.
Die brood en die besemstok skep ‘n beeld vir die oomblik in tyd en op die verhoog in die gehoor se gedagtes. Hierdie is nie n grafiese, geweldadige voorstelling van die verkragting nie. Hierdie is ‘n ongesiene teks en baie leerders sal dit volgens hul eie teaterondervinding interpreter. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


| | |
|---|---|
| Baie Goed 4 | Die kandidaat met 'n hoe vlak van vaardigheid is in staat om te verduidelik hoe hy/sy die toneel sal laat opvoer waar die akteur wat Simon vertolk rekwisiete gebruik om n simboliese oomblik op die verhoog te skep. Hy/sy gebruik 3 jaar van toneelmatige kennis om hierdie oomblik op die verhoog te skep soos bv beligting om die voorstelling te bevorder. Die kandidaat kan die effek op die gehoor, en die impak van die oomblik op die gehoor, verduidelik. |
| Goed 3 | Die kandidaat is in staat om te beskryf hoe hy/sy die akteur wat Simon vertolk te kry om die oomblik op die verhoog te verduidelik met die gebruik van die rekwisiete. Hy/sy het die tegniese kennis maar kan nie altyd die idees duidelik verbind aan die taak nie. Die kandidaat werk met die handeling van die akteur eerder as n konkrete verduideliking van die effek op die gehoor. |
| Gemiddeld 2 | Die kandidaat is geneig om handelinge te lys/noem wat toepaslik is vir die karakter wat Simon vertolk. Min of geen in agneming van die gehoor vind plaas nie |
| Swak 0-1 | Die kandidaat se antwoord is oppervlakkig en maak merendeels verklarings |

**[15]**

**VRAAG 12**

12.1 12.1.1 Merk holisties.Die chirurgiese maskers bedek die neus en mond en dus 'n groot deel van die gesig. Dit sal gesigsuitdrukkings tot die oë en die koppe beperk en eenvormigheid onder die dansers skep. Dit fokus ook aandag op die oë en kan die effek van desperaatheid skep as die oë rondkyk. Die dansers moet minder op hul gesigte staatmaak en meer op hul liggame.Die maskers kan die akteur se optrede, projeksie,resonansie en volume affekteer.

Die krukke beperk en help die dansers. Dit is nuttig omdat dit gebruik kan word as 'n balanspunt vir die kunstenaar om sy/haar liggaam op te lig van die grond af of te spring, maar belemmer die kunstenaar wanneer draaie en interaksie met ander kunstenaars gedoen word omdat die kruk in die pad is. 5)

12.1.2 Die stelte help om die kunstenaar hoër op te lig, hoër as die ander en sy houding beide indrukwekkend en dreigend te maak. Omdat hy bo die ander uittoring, is hy 'n sentrale figuur in die opvoering. Die stelte beperk beweging en dit is moeilik om interaksie te hê met ander kunstenaars sonder die verlies van balans en om te val. Dit is onwaarskynlik dat hy in staat sal wees om 'n ander kunstenaar op te lig of spronge en draaie sal skep om sy vertolking te verbeter. (4)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

12.1.3 Kandidate mag persoonlike ervaring gebruik om die verskille of voorbeelde uit die vertoning wat hulle gesien het, te verduidelik.
'n **Fisieseteater-geselskap** is geneig om dans- en bewegingsvorme te gebruik en moet bewegingopleiding hê. Hulle is geneig om optredes te skep wat meer fokus op 'n storielyn, kwessie of tema wat aangebied word. Hulle gebruik ook elemente van ander uitvoerende kunste, d.w.s. stem, klankeffekte, dialoog en gedigte. Soms is die dialoog die beginpunt en fisiese aksies word bygevoeg om dit te verbeter. Hierdie deelnemers sou hulself akteurs of kunstenaars noem.
Fisieke teater verduidelik woorde deur beweging. Jou teenwoordigheid illustreer betekenis en vul die verhoog. Gebruik die liggaam om te kommunikeer. Dans is ritmies en op die maatslag van musiek.
'n **Dansgeselskap** se primêre fokus is die menslike liggaam. Sommige dansmaatskappye volg 'n bepaalde dansstyl, terwyl ander verskillende dansbronne gebruik. Stem en dialoog word minder gebruik in 'n dansgeselskap. Hierdie deelnemers sou hulself dansers noem. (6)

12.2 12.2.1 Verhoogvrees: wanneer jy op die verhoog staan en paniekerig raak en die woorde en bewegings wat jy geoefen het, vergeet. Jy verloor beheer oor jou vermoë om op te tree. (2)

12.2.2 Om te soufleur: As jy vir 'n oomblik jou woorde vergeet en 'n onderwyser of medestudent die volgende paar woorde voorsê om jou te help onthou wat jy veronderstel is om volgende te sê. (2)

12.2.3 Monoloog: Dit is 'n uittreksel uit 'n toneelstuk waar slegs een persoon vir 'n volgehoue tydperk praat, óf met homself/haarself óf met 'n ander karakter. Sommige kandidate kan dit verwar dit met 'n individuele item – indien wel, word slegs 1 punt toegeken.Dit kan verbale verduideliking wees van die karakter se gedagtes,gevoellens en emosies. (2)

12.2.4 Gebare is bewegings van liggaamsdele om idees, betekenis, emosies of gedagtes uit te beeld. Bv. Waaiende hand gebaar. Gebare: Liggaamsdele beweeg op 'n wyse wat betekenis aandui (d.w.s. kop, arm, bolyf ens.) wat bydra tot die opvoering of sekere aspekte wat die akteur probeer om aan die gehoor oor te dra, duidelik maak. (2)


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com


12.2.5 ÓF DRIE eenvoudige punte óf 'n algemene bespreking.
Gereelde oefening is noodsaaklik, beide alleen en met 'n vriend wat toekyk en wat jou kan aanspoor en opbouende kritiek. Skryf 'n ontleding van die stuk, of 'n motivering vir die karakter. Maak seker dat jy geskikte beweging en gebare wat jou help om die woorde te onthou, choreografeer. As jy regtig die stuk of karakter verstaan, sal dit makliker wees om die woorde te onthou en selfvertroue te hê. Vra om sonder 'n gehoor op te tree om jou konsentrasie te help. Vra 'n vriend om die woorde te volg, sodat hy/sy by die opvoering die woorde kan voorsê.Doen ontspanningsoefening voor op verhoog gaan. (3)

12.2.6 Hierdie rubriek is die antwoord: 12.2.6.

| PUNTE 12.2.6 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Goed** | **4** | Die kandidaat is in staat om twee konkrete redes te bespreek waarom Lindi moet aangaan met die vak, naamlik vertroue, interpretatiewe vermoë, groepwerk en dink op jou voete. Hy/Sy is in staat om Lindi se probleme met nuttige dramavaardighede te verbind. Dramatiese kunste is ‘n platform om die lewe te reperteer asook verskillende reaksies en emosies. Drama bied ‘n veilige ruimte vir probleem oplossing, om mense te verstaan, om gedrag te motiveer en die gevolge daarvan. |
| **Gemiddeld** | **2–3** | Die kandidaat is in staat om twee redes te gee waarom Lindi moet aangaan met die vak. Maar skryf óf nie in genoeg detail nie óf verbind dit nie met die redes vir Lindi se dilemma nie. |
| **Swak** | **0–1** | Die kandidaat maak 'n eenvoudige stelling oor die toepaslikheid van Dramatiese Kunste. |

(4)

**[30]**


Downloaded from eduresourceza.com

 Downloaded from eduresourceza.com 

## VRAAG 13

Kies enige EEN van die volgende drie vrae.

13.1 **LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)**
**Merkers moet holisties merk. Erken die opnoem van enige tegniese aspekte of die keuse om dit nie te gebruik nie. (beligting, klank, stel ens.) wat gaan bydra tot die algemene funksie en doel van die produksie.**

| PUNTE 13.1 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Uitstekend** | **12–15** | Kandidaat verstaan duidelik die tegniese aspekte van die teater en kan sy/haar eie ervarings in verband bring met die aanhaling. Kandidaat gee konkrete, spesifieke voorbeelde van dramapraktisyns, toneelstuk opvoerings, dramatekste bestudeer of rolle gespeel. Die kandidaat kan saamstem of verskil (veral as hy/sy Grotowski as 'n voorbeeld gebruik) met die stelling dat tegniese aspekte belangrik is. Toon insig, waarneming en kennis goed uitgedruk. |
| **Goed** | **9–11** | Kandidaat verstaan die tegniese aspekte van die teater en kan sy/haar eie ervarings in verband bring met die aanhaling. Kandidaat gee ten minste een konkrete, spesifieke voorbeeld van dramapraktisyns, toneelstuk opgevoer, dramatekste bestudeer of rolle gespeel. Die kandidaat kan saamstem of verskil (veral as hy/sy Grotowski as 'n voorbeeld gebruik) met die stelling dat tegniese aspekte belangrik is. Georganiseerd, omvattend, 'n sekere vlak van bevoegdheid, sommige klein foute waarneembaar in die struktuur. Duidelike stellings, oortuigend en eenvoudige, direkte taalgebruik.<br>Toon goeie begrip van die probleem, 'n paar logiese stellings. |
| **Gemiddeld** | **6–8** | Kandidaat het 'n mate van begrip vir die tegniese aspekte van die teater en probeer om sy/haar eie ervarings in verband te bring met die aanhaling. Kandidaat gee ten minste een konkrete, spesifieke voorbeeld van dramapraktisyns, toneelstuk opgevoer, dramas bestudeer of rolle gespeel. Die kandidaat kan saamstem of verskil (veral as hy/sy Grotowski as 'n voorbeeld gebruik) met die stelling dat tegniese aspekte belangrik is. Demonstreer 'n basiese begrip, maar neig tot ondeurdagte en stereotipe reaksies by tye. Struktuur nie noodwendig logies nie en skakel dikwels minder direk met die kwessie. |
| **Elementêr** | **4–5** | Kandidaat kan ten minste een voorbeeld van die tegniese aspek van opvoering gee, maar antwoord eenvoudig en is geneig om 'n tegniese uitwerking wat hy/sy gesien of ervaar het, te beskryf.<br>Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te ondersteun nie. |
| **Swak** | **0–3** | Die antwoord is eenvoudig en sê ten beste dat tegniese aspekte goed is en probeer om een te beskryf. Nie in staat om enige sinvolle kommentaar op die tegniese aspekte te lewer nie. Onsamehangend, beperkte vaardighede en dikwels irrelevant. |

**[15]**

Kopiereg voorbehou Downloaded from eduresourceza.com 

Downloaded from eduresourceza.com

13.2 **MEDIASTUDIES (KEUSEVRAAG)**
**Merkers moet holisties merk. Erken die opnoem van enige tegniese aspekte of die keuse om dit nie te gebruik nie. (beligting, klank, stel ens.) wat gaan bydra tot die algemene funksie en doel van die produksie.**

| PUNTE 13.2 | | BESKRYWER |
|---|---|---|
| **Uitstekend** | **12–15** | Kandidaat verstaan duidelik fotografiese regie en kan sy/haar eie ervarings hiermee in verband bring. Kandidaat gee konkrete, spesifieke voorbeelde van rolprente gekyk, draaiboeke bestudeer en eie ervarings. Die kandidaat is in staat om die spesifieke terminologie in die studie van die media en film in sy/haar antwoord te gebruik. Hy/Sy het ondervinding van die skep van sy/haar eie filmvolgorde en kan sy/haar persoonlike ondervinding met die aanhaling in verband bring. Toon insig, waarneming en kennis goed uitgedruk. |
| **Goed** | **9–11** | Kandidaat verstaan fotografiese regie en kan sy/haar eie ervarings met die aanhaling in verband bring. Kandidaat gee ten minste een konkrete, spesifieke voorbeeld van rolprente gekyk, draaiboeke bestudeer en eie ervarings. Die kandidaat verstaan die behoefte aan opleiding in filmfotografie en kan dit verduidelik. Die kandidaat is in staat om die spesifieke terminologie in die studie van die media en film in sy/haar antwoord te gebruik. Hy/Sy kan sy/haar persoonlike ondervinding met die aanhaling in verband bring. Georganiseerd, omvattend, 'n sekere vlak van bevoegdheid, sommige klein foute waarneembaar in die struktuur. Duidelike stellings, oortuigend en eenvoudige, direkte taalgebruik.<br>Toon goeie begrip van die probleem, 'n paar logiese stellings. |
| **Gemiddeld** | **6–8** | Kandidaat verstaan die fotografiese regie en kan die behoefte aan opleiding in filmfotografie noem, maar sukkel om dit te ondersteun met konkrete voorbeelde. Hy/Sy probeer om sy/haar persoonlike ervaring met die aanhaling in verband te bring en fokus op films gekyk of bestudeer, maar ken nie die gedetailleerde taal van films nie. Demonstreer 'n basiese begrip, maar neig tot ondeurdagte en stereotipe reaksies by tye. Struktuur nie noodwendig logies nie en skakel dikwels minder direk met die kwessie. |
| **Elementêr** | **4–5** | Baie min inligting, deurmekaar, moeilik om te volg, dikwels irrelevant. Kandidaat toon nie die vermoë om sy/haar antwoord met toepaslike voorbeelde te ondersteun nie. Kandidaat fokus op films wat hy/sy gekyk het en van gehou het, eerder as enige konkrete film en produksieteorie. Dikwels is die antwoord eenvoudig. Die antwoord korrek, meer toevallig as beplan. |
| **Swak** | **0–3** | Die antwoord is ten beste eenvoudig. Onsamehangende, beperkte vaardighede en dikwels irrelevant. Kandidaat maak ongegronde stellings oor die regie van fotografie. Antwoord ondersteun net stelling en toon min of geen begrip van die film en produksie nie. Oor die algemeen naïewe en simplistiese stellings. Het waarskynlik nie media bestudeer nie. |

**[15]**


Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

## 13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUELE (KEUSEVRAAG)
**Merkers moet holisties merk.**

| **PUNTE 13.3** | | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| **Uitstekend** | **12–15** | Kandidaat verstaan duidelik die aanhaling en kan assosieer met die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing wat hulle gesien het/bestudeer het/waaraan hulle deelgeneem het. Kandidaat is in staat om 'n **argument** ter ondersteuning van die waarheid van die aanhaling te **bou** en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde in die bespreking van die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling. |
| **Goed** | **9–11** | Kandidaat verstaan die aanhaling en kan assosieer met die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing wat hulle gesien het/bestudeer het/waaraan hulle deelgeneem het. Kandidaat gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling te bespreek. |
| **Gemiddeld** | **6–8** | Kandidaat maak stellings oor die aanhaling en kan assosieer met die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing wat hulle gesien het/bestudeer het/waaraan hulle deelgeneem het. Kandidaat gebruik sommige voorbeelde om die akkuraatheid (waarheid) van hierdie aanhaling te bespreek. |
| **Elementêr** | **4–5** | Kandidaat kan 'n paar voorbeeld(e) van die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing gee, maar is selde in staat is om dit in verband te bring met die aanhaling. |
| **Swak** | **0–3** | Kandidaat gee 'n paar basiese beskrywings van die funksie van kulturele opvoerings en rituele in die samelewing. Oor die algemeen is stellings wat verband hou met die antwoord meer toevallig as beplan. |

**[15]**

**TOTAAL AFDELING C: 60**
**GROOTTOTAAL: 150**


Downloaded from eduresourceza.com